DEPARTMENT OF EDUCATION
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
LEFAPHA LA THUTO
ISEBE LEZEMFUNDO

# NAMAKWA DISTRIK

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## TAAK 8: HALFJAARLIKSE EKSAMEN 2015

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.**

**ASSESSERINGRIGLYNE**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit ʼn ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING- vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ʼn volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ʼn hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar beide die letter en/of die korrekte antwoord by ʼn meerkeusevraag.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS 1: ARTIKEL**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • Jy kan dit nie sien of daaraan raak nie. √<br>• Dit is onaantasbaar.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.2 | • Geluk beteken vir almal verskillende dinge. √<br>• Mense heg verskillende waardes en voorwaardes aan geluk.<br>(Of iets soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.3 | • Mense begin verhoudings om hulle behoeftes aan te vul. √<br>• Mense begin verhoudings omdat daar ʼn leemte in hulle lewe | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | is.<br>(Of iets soortgelyk) | (1) | 1 |
| 1.4 | • "... het ons onvoorwaardelike liefde en aanvaarding nodig" √<br>• "... om jou maat onvoorwaardelik lief te hê en te aanvaar"<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.5 | Die mens...<br>• bestaan uit goed en kwaad/sleg. √<br>• beskik nie net oor goeie eienskappe nie.<br>• is nie net goed nie.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.6 | • die mate van jou gevoel √<br>• hoe jy voel<br>• jou gemoedstoestand<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.7.1 | Dinge/Dit wat jou verhouding laat groei. √ | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.7.2 | "geskenke" √ | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.8 | Om die belangrikheid van die twee woorde te beklemtoon. √ | (1) | 4 |
| | | | |
| 1.9 | Mening, die skrywer beantwoord die vraag sonder om:<br>• die stelling met feite te staaf. √<br>• dit wetenskaplik te bewys.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.10 | Sonder vergifnis is dit moeilik om gelukkig in ʼn verhouding te wees. √ | (1) | 4 |
| | | | |
| 1.11 | • Leer om mekaar te verstaan. √<br>• Leer hoe om te luister. √<br>(ALTWEE) | (2) | 1 |
| | | | |
| 1.12 | Dit voel soms vir die skrywer of mense vir mekaar **luister met die doel om te verdedig**, √ in plaas daarvan om mekaar **te verstaan**. √ | (2) | 4 |
| | | | |
| 1.13 | • gereed om op te tree √<br>• altyd net opvlieënd wil wees<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.14 | • gesonde kommunikasie √<br>• effektiewe kommunikasie<br>• gesonde en effektiewe kommunikasie<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.15 | jy kan sodoende fokus op dinge wat vir jou belangrik is. √<br>(Of soortgelyk) | (1) | 1 |
| 1.16 | • Dit wil die leser se aandag trek.<br>• Dit om te beklemtoon dat die leser verder moet lees.<br>• Dit beklemtoon dat die leser veral wat volg moet lees.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | (3) |

**EN**

**TEKS 2: SPOTPRENT**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.17 | • by die uitgang van "die tonnel van liefde" √<br>• by water<br>• op die rivier<br>• by ŉ plesieroord<br>(Enige EEN) | PUNT | VLAK |
| | | | |
| 1.18 | Hulle...<br>• is man en vrou. √<br>• het ŉ verhouding.<br>• is getroud.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.19 | • Hulle het saam in die bootjie deur die tonnel van liefde gevaar. √<br>• Die hartjie op die bootjie impliseer dat hulle saam is.<br>• ŉ Mens vaar net saam met iemand deur die tonnel van liefde as jy lief is vir die persoon.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.20 | • Hulle het baklei. √<br>• Hulle was fisies in konflik met mekaar.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.21 | • Die tekens by die man se maag en die vrou se vuis dui dit aan. √<br>• Die man hou sy maag vas.<br>• Die vrou kyk na haar vuis.<br>• Die man hou sy maag vas en die vrou kyk na haar vuis.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.22 | • pyn √<br>• woede<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 1.23 | • Die twee persone het deur die tonnel van liefde gevaar, √ maar kom kwaad anderkant uit. √<br>• ʼn Mens sou verwag het dat die twee persone wat deur die tonnel van liefde gevaar het, mekaar sou omhels.<br>• ʼn Mens sou verwag dat die twee persone liefdevol teenoor mekaar sou optree, maar dit is nie die geval nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (2) | 3 |
| | | | |
| 1.24 | Albei tekste handel oor verhoudings √ | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.9 | Die bruid is in die skuit nou is die mooi praatjies uit. | (1) | 5 |
| | | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ʼn opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat die opsomming puntsgewys aanbied, word dit nagesien.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en verder tot by die einde van daardie sin.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

Tieners word soms negatief deur hul portuurgroepe beïnvloed. Hulle doen teen hulle beterwete verkeerde dinge. Tieners laat toe dat hulle lewen-standaarde deur hulle vriende bepaal word. Hulle het verkeerde persepsies van hulleself en die wêreld. Tieners ervaar in die meeste gevalle probleme met gewigsverlies of –toename. Hulle ly aan depressie. Tieners kan ook 'n negatiewe selfbeeld hê.

(57 woorde)

| | AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|---|
| 1. | **Portuurgroepe beïnvloed soms die meeste aspekte van tieners se lewens negatief,** insluitende hoe hulle aantrek, na watter musiek hulle luister en by watter soort aktiwiteite hulle betrokke raak. | | Tieners word soms negatief deur hul portuurgroepe beïnvloed. |
| 2. | Negatiewe groepsdruk vind plaas wanneer **tieners onder druk verkeerd om iets te doen wat hulle weet verkeerd is,** soos dwelm-gebruik, onveilige seks, diefstal of iets wat hulle nie wil doen nie. Tieners gee in vir negatiewe groepsdruk omdat hulle graag gewild wil wees of wil inpas of omdat hulle bang is om gespot te word. | | Tieners doen teen hulle beterwete verkeerde dinge. |
| 3. | Vriende moet egter nie die spil wees waarom tieners se lewens draai nie. As jou identiteit afhang van hoe | | Tieners laat toe dat hulle lewenstandaarde deur hulle vriende bepaal word. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | gewild en aanvaarbaar jy vir vriende is, gaan jy gereeld jou standaarde moet verander om by al jou vriende in te pas. **Kenners maan tieners om nie toe te laat dat vriende hul lewenstandaarde bepaal nie.** | | |
| 4. | "Persepsies wat 'n mens oor jouself het, is soos ŉ bril waardeur jy elke dag na die wêreld kyk," sê Mariana. **"As jy verkeerde persepsies oor jouself of oor die wêreld het**, is dit soos ŉ bril met verkeerde voorskriflense wat jy elke dag opsit — alles is uit fokus. Volgens Mariana draai negatiewe persepsies by tieners gewoonlik om voorkoms, prestasies, finansïële welstand en persoonlikheid. | | Tieners het verkeerde persepsies van hulleself en die wêreld. |
| 5. | Tieners gaan ook meestal gebuk onder simptome soos **gewigsverlies of –toename**, wanneer hulle juis so sensitief is oor hulle voorkoms. ŉ Matige oefenprogram en gesonde eetgewoontes sal hulle gewig onder beheer hou. | | Tieners ervaar in die meeste gevalle probleme met gewigsverlies of –toename. |
| 6. | Volgens kenners druk tieners **depressie** dikwels uit op maniere wat ons nie normaalweg met depressie assosieer nie. Simptome soos woede, vyandigheid en fisieke pyn (soos maagpyn en kopsere) is slegs ŉ paar van die simptome wat mense dikwels miskyk of nie met depressie assosieer nie. | | Tieners ly aan depressie. |
| 7. | Volgens Tamara word die begrip selfbeeld gebruik om die algemene persepsie wat ŉ persoon oor hom- of haarself het, te beskryf. "As tieners 'n **negatiewe selfbeeld** het, sal hulle oortuigings oor hulself oor die algemeen negatief wees." | | Tieners kan ook ŉ negatiewe selfbeeld hê. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### Assesseringsriglyne

- **Spelling:**
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk slegs wanneer die verkeerde spelling die betekenis van die woord verander.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.

- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word, soos in die instruksie aangedui.

- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Daar is **niks** in die water **nie**.√ | (1) |
| | | |
| 3.2 | • Ons noem dit osoon. √<br>• Hulle noem dit osoon.<br>• Jy noem dit osoon.<br>(Enige EEN) | (1) |
| | | |
| 3.3 | • ’n samestelling wat uit ’n getal bestaan word met koppeltekens geskryf. √<br>• Die koppeltekens dui aan dat dit een proses is.<br>• Die koppeltekens word gebruik om ’n samestelling te vorm.<br>(Enige EEN) | (1) |
| | | |
| 3.4 | • ontwater√<br>• afwater<br>(Enige EEN) | (1) |
| | | |
| 3.5 | water(gat) in die woestyn√ | (1) |
| | | |
| 3.6 | versadig√ | (1) |
| | | |
| 3.7 | bloed**s**omloop√ | (1) |
| | | |
| 3.8 | een rand per liter√ | (1) |
| | | |

| | | |
|---|---|---|
| 3.9 | • logo√<br>• handelsmerk<br>(Enige EEN) | (1) |
| | | |
| 3.10 | Die visuele teks stel ’n glas water voor en die geskrewe teks handel oor water. √<br>(Of soortgelyk) | (1) |
| | | [10] |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | **Met wie** praat hy**?** √<br><br>**Let wel:** Die korrekte voornaamwoord + die vraagteken moet korrek wees om die punt te verdien. | (1) |
| | | |
| 4.2 | Jy sit en hou sy hand vas, **terwyl jy**√ ’n boodskap **stuur**. √<br><br>**Let wel:** Een punt vir korrekte woordorde en een punt vir korrekte voornaamwoord. | (2) |
| | | |
| 4.3.1 | • D √<br>• klanknabootsing<br>• D klanknabootsing<br>(Enige EEN) | (1) |
| | | |
| 4.3.2 | luitoon√ | (1) |
| | | |
| 4.4 | -skap √ | (1) |
| | | |
| 4.5 | Die meisie sê dat **sy** nie dink dat dit romanties **is** nie. √ | (1) |
| | | |
| 4.6 | Sy boodskap **het** haar nie **beïndruk** nie. √ | (1) |
| | | |
| 4.7 | Sy hou nie daarvan dat hy vir haar boodskappe moet stuur, terwyl hulle bymekaar is nie. √<br>(of soortgelyk) | (1) |
| | | |
| 4.8 | • moderne tegnologie√<br>• kommunikasiegapings ontstaan a.g.v. die tegnologie<br>• mense praat nie meer fisies met mekaar nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| | | [10] |

**VRAAG 5: PROSA**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Die krag **skok my**. √ | (1) |
| | | |
| 5.2 | dink√ | (1) |
| | | |
| 5.3 | elmboë√ | (1) |
| | | |
| 5.4 | Die vee is so **maer** na die droogte. √<br>(Enige aanvaarbare sin) | (1) |
| | | |
| 5.5 | eskader vliegtuie√ | (1) |
| | | |
| 5.6 | trurat√ | (1) |
| | | |
| 5.7 | Ek is te bang om die lig **aan te skakel.** √ | (1) |
| | | |
| 5.8 | lelik√ | (1) |
| | | |
| 5.9 | • Pasop! √<br>• Luister, jy is nooit te oud om te leer nie!<br>(Enige EEN) | (1) |
| | | |
| 5.10 | EVKOM√ | (1) |
| | | [10] |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C: 30** | |